Students will be able to: (1) demonstrate a sound knowledge of the basic pharmacological principles underlying drug therapy, (2) have an insight into the dynamics and kinetics of interactions between drugs, including a comprehensive range of drug groups, (3) evaluate existing drug prescriptions, and advise the patient with regard to drug treatment, (4) synthesise individualised pharmacological treatment approaches for a wide range of disease states, (5) retrieve the latest information on drug treatment from the Internet, (6) evaluate published clinical trials on drug treatment, (7) communicate individually and co-operatively in an Internet-based environment, (8) show a sensitivity for a patient-orientated approach to drug therapy, and (9) reason within the frame(work) of reference addressing relevant ethical questions regarding drug uses.

#### **G.26.3.2.2 Articulation**

G.26.3.2.2.1 Vertically: The Honns. B.Sc. degree in Pharmacology gives admission to post-graduate studies, such as the M.Sc. degree in Pharmacology at this University and other universities both nationally and internationally.

G.26.3.2.2.2 Certain modules are accredited at the Health Professions Council of South Africa (HPCSA) as educational activity for continued professional development (CPD) purposes.

#### **G.26.3.2.3 CURRICULUM G640T : PHARMACOLOGY**

- a) The curriculum consists of 11 modules.
- b) Module 1-8 and 13 are compulsory.
- c) Any two elective modules from modules 9-12 must also be included.
- d) Modules 1-8 and any two electives from 9-12 are pre-requisites for module 13.
- e) Modules 1-8 and the two elective modules may be completed in random order, although the suggested order is as indicated in the table.
- f) Basic computer and internet skills are pre-requisites for this programme. Students must proof their computer and internet skills through successful completion of either a required pre-test or module FWWT671 (a 8-credit certificate course presented at the University).

Module code		Descriptive name	Credit	Semester
Module FKLT631	1	Principles of Pharmacokinetics	8	1
Module FKLT632	2	Principles of Pharmacodynamics	16	1
Module FKLT641	3	Drugs and the Peripheral Nervous System	8	1
Module FKLT651	4	Drugs and the Central Nervous System	16	2
Module FKLT661	5	Drugs and the Local and Cardiovascular Systems	16	2
Module FKLT633	6	Drugs for Pain, Inflammation, Fever and Airway Diseases	16	1
Module FKLT642	7	Chemotherapy of Infections and Infestations	16	1
Module FKLT652	8	Hormones, Hormonoids and Hormone Antagonists	16	2
Module FKLT662**	9	Drugs for GIT and Skin Disorders	8	2
Module FKLT663	10	Vitamins, Haematopoetics and Immunopharmacology	8	2
Module FKLT664**	11	Advanced Pharmacological Principles	8	2
Module FKLT665**	12	Evidence-based Medicine	8	2
Module FKLT671	13	Integrated Pharmacology	8	2
<b>Total credits for the curriculum</b>			<b>136</b>	

**Note:**

- a) Certificate course (Optional)  
 \*\* = Electives (any two from modules 9-12)

**G.26.4 EXAMINATION (ASSESSMENT)**

(G.20.10 on page 10 of this yearbook.)

\*Subject to Rule G.20.10. The compilation of the participation mark and module mark for each module is clearly defined in the studyguide of each module.

## **G.27 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM**

### **G.27.1 NAVORSINGSEENHEID**

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingseenheid 9.1 (AUTHeR).
- b) In die geval van Maatskaplike Werk en Psigologie word die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe en personeel van die vakgroepe Maatskaplike Werk en Psigologie.
- c) In die geval van Menslike Bewegingskunde en Rekreasiekunde word die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap en personeel van die vakgroepe Menslike Bewegingskunde en Rekreasiekunde.
- d) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingseenheid 9.1 verrig word.

### **G.27.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Die Magistergraadstudie kan voltyds of deelyds onderneem word.
- b) Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

### **G.27.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens die bepalings van Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Student wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit aan die einde van Mei).
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene reël A.13.4.
- e) 'n Student kan tydens sy studie, slegs met die skriftelike toestemming van die skooldirekteur en navorsingsdirekteur van program/kurrikulum verander of die program/kurrikulum waarvoor ingeskryf is, wysig.

## **G.27.4 PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

### **Kwalifikasiekodes: 103 180 (V + D)**

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die programme bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Menslike Bewegingskunde.

### **G.27.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reëls A.13.1 en A.13.4), geld die volgende toelatingvereistes van die skool:

- a) 'n gemiddelde akademiese punt van 60% behaal in die honneursjaar;
- b) slaag van 'n keuringsproses soos voorgeskryf vir elke spesialisering/program van die skool; en
- c) goedkeuring deur die skool- en navorsingseenheidsdirekteur.

### **G.27.4.2 KURRIKULUM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

#### **G.27.4.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Menslike Bewegingskunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel.

#### **G.27.4.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Menslike Bewegingskunde.

#### **G.27.4.2.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en vorderings- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.
- b) 'n Student kan 'n keuse uitoefen tussen 'n verhandeling en 1 vraestel, en 'n skripsie en 3 vraestelle, na gelang van die M-program van die skool. Die skripsie/verhandeling kan ook in artikelformaat ingedien word.
- c) Met goedkeuring van die skooldirekteur kan 'n student wat die Geesteswetenskaplike Kurrikulum G802P kies één van die keusemodules vervang met 'n keusemodule in Kurrikulum G806P (Natuur-wetenskaplike Kurrikulum).
- d) Met goedkeuring van die skooldirekteur kan 'n student wat die Natuurwetenskaplike Kurrikulum G806P kies één van die keusemodules vervang met 'n keusemodule in Kurrikulum G802P (Geesteswetenskaplike Kurrikulum).

**G.27.4.2.4 KURRIKULUM G801P : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWV871	Verhandeling	180
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

**G.27.4.2.5 KURRIKULUM G802P : KINDERKINETIKA**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK873	Skripsie	120
<b>Twee van die volgende</b>		
MBWK875	Kinderkinetika : motoriese en bewegingstimulasie vir 0-3 jarige kinders	32
MBWK876	Kinderkinetika : motoriese terapie vir leerverwante probleme	32
MBWK877	Gesondheidsbevorderende aktiwiteite vir jong kinders	32
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.27.4.2.6 KURRIKULUM G806P : BIOKINETIKA**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK873	Skripsie	120
<b>Twee van die volgende</b>		
MBWB876	Biokinetika: Ortopediese rehabilitasie	32
MBWB877	Biokinetika: Gesondheidsbevordering	32
MBWB878	Biokinetika: Praktiek	32
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.27.5 PROGRAM : PSIGOLOGIE**

**Kwalifikasiekodes: 103 181 (V + D) (G813P) (Psigologie – [navorsing])  
103 183 (V + D) (G810P) (Kliniese Psigologie)  
103 184 (V + D) (G811P) (Voorligtingspsigologie)**

- a) Die program bestaan uit drie kurrikulums waarvan al drie professioneel van aard is. In die ontwikkeling van hierdie kurrikulums is nasionale- en streeksbehoefte in ag geneem deur dit aan te spreek in die spesifieke navorsingseenheid soos aangedui in G.1.1. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefte van ons land. Hierdie kurrikulums berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.
- b) Die Kliniese-, Voorligting- asook die Navorsingspsigologieprogramme bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as Psigoloog by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

**G.27.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (A.13.1 & A.13.4) geld die volgende fakulteitstoelatingsvereistes:

- a) slaag van 'n akademiese- en persoonlikheidskeuring by voltooiing van die Honneursgraad vir toelating tot die professionele programme in Kliniese-, Voorligting- en Navorsingspsigologie.

**G.27.5.2 KURRIKULUM : KLINIESE PSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

**Kwalifikasiekode: 103 183**

**G.27.5.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Kliniese Psigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder.

**G.27.5.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Psigologie.

**G.27.5.2.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word.
- b) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

**G.27.5.2.4 Berekening van modulepunt**

Daar is vyf vraestelle en 'n verhandeling. Die punteberekening van die vraestelle tot die verhandeling is 1 : 1.

Die vyfde vraestel is die praktiese vraestel wat bestaan uit twee gevallevoordragte en 'n mondelinge vraestel. Die punteberekening van die gevalle voordragte tot die mondelinge eksamen is 1 : 1.

**G.27.5.2.5 KURRIKULUM G810P : KLINIESE PSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSIK872	Verhandeling	100
PSIK874	Psigo-farmakologie, neuropsigologie en psigopatologie A	20
PSIK875	Kinderterapie en –patologie A	20
PSIK876	Terapeutiese tegnieke A1	20
PSIK877	Terapeutiese tegnieke A2	20
PSIK878	Praktiese werk A	20
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>200</b>

**G.27.5.3 KURRIKULUM : VOORLIGTINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

**Kwalifikasiekode: 103 184**

**G.27.5.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Voorligtingpsigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder.

**G.27.5.3.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Psigologie.

**G.27.5.3.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word.
- b) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

**G.27.5.3.4 Berekening van modulepunt**

Daar is vyf vraestelle en 'n verhandeling. Die punteberekening van die vraestelle tot die verhandeling is 1 : 1.

Die vyfde vraestel is die praktiese vraestel wat bestaan uit twee gevallevoordragte en 'n mondelinge vraestel. Die punteberekening van die gevalle voordragte tot die mondelinge eksamen is 1 : 1.

**G.27.5.3.5 KURRIKULUM G811P : VOORLIGTINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste jaar</b>		
PSIV872	Verhandeling	100
PSIV874	Psigo-farmakologie, neuropsigologie en psigopatologie B	20
PSIV875	Kinderterapie en –patologie B	20
PSIV876	Voorligtingstegnieke B1	20
PSIV877	Voorligtingstegnieke B2	20
PSIV878	Praktiese werk B	20
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>200</b>

**G.27.5.4 KURRIKULUM : NAVORSINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

**Kwalifikasiekode: 103 181**

**G.27.5.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Navorsingsielkunde te registreer, en sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede in die metodieke hoe om toepaslike navorsingsvrae in die verskillende domeine van die psigologie en verwante dissiplines te formuleer en te bestudeer. Die student sal toegerus wees om navorsing op individuele, gemeenskaps- en/of interdissiplinêre vlak te doen; die nodige kwantitatiewe en/of kwalitatiewe tegnieke te benut; die navorsing op 'n etiese en wetenskaplike wyse uit te voer; navorsingsresultate op 'n wetenskaplike wyse te interpreteer; om resultate mondelings te kommunikeer en om navorsingsverslae te skryf.

**G.27.5.4.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Psigologie.

**G.27.5.4.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word.
- b) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

**G.27.5.4.4 Berekening van modulepunt**

Die punteberekening van die vraestelle tot die verhandeling is 1 : 1.

**G.27.5.4.5 KURRIKULUM G813P : NAVORSINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSIM872	Verhandeling	128
PSIM874	Kritiese navorsingsvaardighede	16
PSIM875	Kwantitatiewe navorsingsmetodes	16
PSIM876	Kwalitatiewe navorsingsmetodes	16
PSIM877	Projekbestuur	16
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

## **G.27.6 PROGRAM : REKREASIEKUNDE**

**Kwalifikasiekode: 103 182 (V + D)**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die program bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Rekreasiekunde.

### **G.27.6.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1 & A.13.4), geld die volgende toelatingvereistes van die skool:

- a) 'n gemiddelde akademiese punt van 60% behaal in die honneursjaar;
- b) slaag van 'n keuringsproses soos voorgeskryf vir elke spesialisering/program van die skool; en
- c) goedkeuring deur die skool- en navorsingseenheidsdirekteur.

### **G.27.6.2 KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE**

#### **G.27.6.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Rekreasiekunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, tegnieke en prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit kan saamstel.

#### **G.27.6.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Rekreasiekunde.

#### **G.27.6.2.3 Ander reëls**

'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

#### **G.27.6.2.4 KURRIKULUM G815P : REKREASIEKUNDE**

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
RKKV871	Verhandeling	180
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

### **G.27.7 EKSAMINERING**

(Kyk G.20.11 op bladsy 11 van hierdie jaarboek.)

**G.28 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM  
(MAATSKAPLIKE WERK)**

**Kwalifikasiekode: 113 104 (NB) (V + D)**

**113 106 (NH) (V + D)**

**G.28.1 NAVORSINGSEENHEID**

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingseenheid 9.1 (AUPHeR).
- b) Navorsing en opleiding in Maatskaplike Werk geskied onder leiding van die navorsingseenheidsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe en personeel van die vakgroep Maatskaplike Werk.
- c) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingseenheid 9.1 verrig word.

**G.28.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Die studie kan voltyds of deelyds geskied.
- b) Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

**G.28.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Student wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit einde Mei).
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalinge in Algemene reël A.13.4.
- e) Studente wat vir hierdie studieprogram inskryf, moet bewys lewer van registrasie as maatskaplike werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Werk 1978 (Wet 110 van 1978).

#### **G.28.4 PROGRAM : MAATSKAPLIKE WERK**

Die voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie.

##### **G.28.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.4) geld die volgende:

- a) niemand word tot die M.A.- (MW)-graad toegelaat nie tensy hy voldoen aan die vereistes soos vervat in Algemene reël A.4 gelees saam met Algemene reël A.13.1;
- b) studente wat tot hierdie programme toegelaat word moet oor 'n Honneursgraad in Maatskaplike Werk of 'n vierjarige B.A.-graad met Maatskaplike Werk beskik;
- c) toelating sal oorweeg word met inagneming van die student se vorige akademiese prestasies;
- d) toelating tot die M.A. in Forensiese Praktijk sal deur middel van keuring geskied; en
- e) studente wat vir hierdie program/kurrikulum inskryf, moet bewys lewer van registrasie as maatskaplike werker ingevolge die Wet op Maatskaplike Werk, 1978 (Wet 110 van 1978).

##### **G.28.4.2 KURRIKULUM : MAATSKAPLIKE WERK**

- a) Die studente oefen 'n keuse uit tussen drie kurrikulums wat bestaan uit 'n verhandeling of een van twee gedoseerde kursusse:
- b) die verhandelingsopsie is gerig op studente wat navorsing wil onderneem oor 'n onderwerp van eie keuse wat binne die navorsingseenheid van die Vakgroep Maatskaplike Werk en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe val; en
- c) die gedoseerde kurrikula is gerig op studente wat of sy kennisbasis en vaardighede in maatskaplike werk oor 'n breë front wil uitbrei ten einde op 'n gevorderde vlak te praktiseer of in Maatskaplike Werk in Forensiese praktijk (met 'n fokus op die kind) wil spesialiseer.

###### **G.28.4.2.1 Kurrikulumuitkomst**

###### **G.28.4.2.1.1 Gemeenskaplike uitkomst**

Die student sal vaardig wees in:

- a) die benutting van die ekosisteembenadering in navorsing en die oplos van 'n verskeidenheid van maatskaplike probleme en behoeftes;
- b) die verantwoordelike en effektiewe organisering en bestuur van die self, sy/haar aktiwiteite en sy/haar dienste;
- c) effektiewe kommunisering waar visuele, matematiese en taalvaardighede binne die sfeer van maatskaplikewerk-navorsing en –dienste vereis word;
- d) die effektiewe en kritiese benutting van wetenskap en tegnologie; en

- e) die maak van 'n bydrae tot die volledige ontwikkeling van hom/haarself en die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap as geheel.

#### **G.28.4.2.1.2 Verhandelning**

Die student sal bevoeg wees om:

- a) 'n navorsingsprobleem in maatskaplike werk te identifiseer wat in ooreenstemming is met die navorsingseenheid van die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe;
- b) 'n navorsingsontwerp en –prosedure te formuleer en toe te pas;
- c) die navorsingsresultate in die vorm van 'n verhandelning van hoë gehalte weer te gee; en
- d) in die navorsingsproses effektief saam te werk met mede-navorsers en navorsingspanne, respondente, organisasies en gemeenskappe.

#### **G.28.4.2.1.3 Die gedoseerde programme**

##### **G.28.4.2.1.3.1 Die generiese program**

Die student sal in staat wees om:

- a) Maatskaplike, persoonlike en organisatoriese probleme binne relevante konteks te identifiseer en te assesser, en toepaslike intervensies te beplan en uit te voer binne die raamwerk van 'n professionele verhouding gebou op 'n stel etiese beginsels;
- b) Ander maatskaplike werkers se implementering van hierdie strategieë te bestuur en in hierdie verband ook effektief met ander maatskaplike werkers en lede van die multi-professionele span as individue en in groepe saam te werk;
- c) die intervensiestrategieë, prosesse en resultate te evalueer; en
- d) in hierdie proses 'n praktykverwante navorsingsprojek van meer beperkte omvang as in die geval van die navorsings-M.A., te voltooi, en daarvoor verslag te doen.

##### **G.28.4.2.1.3.2 Die forensiese program**

Die student sal in staat wees om:

- a) aan die hand van omvattende teoretiese kennis, 'n volledige ondersoek-proses te kan bestuur en deurvoer, wat insluit die evaluering van kinders in traumatiese lewenswerklike situasies en die beplanning van intervensies in die begeleidingsproses;
- b) die kennis wat hy/sy dra van die toepaslike wetgewing reg aan te wend en as deskundige rakende seksuele misbruik in die hof eties en korrek te kan optree; en
- c) aan die hand van toepaslike tegnieke en metodes, 'n praktykverwante navorsingsprojek te kan onderneem en in die vorm van 'n artikel verslag daarvoor te doen.

**G.28.4.2.2 Artikulasie en uitreepunte**

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot programme op doktorsvlak by alle Suid-Afrikaanse universiteite en moontlik buitelandse opleidingsinstansies waar maatskaplike werk op nagraadse vlak aangebied word.

**G.28.4.2.3 Ander reëls**

Studente kan verplig word om bepaalde modules (kurrikulum G823P) wat as basismodules vir die res van die kursus dien, in die eerste studiejaar af te handel.

**G.28.4.2.4 Berekening van modulepunt**

In die geval van die MA (Maatskaplike Werk) in Forensiese Praktijk:

Maatskaplikewerk-navorsing: 'n Skripsie (artikel-formaat): 75% en 'n teorievraestel in navorsing: 25%

Die globale punt behels:

Maatskaplikewerk-navorsing (teorie en skripsie): 50% en gemiddelde van oorblywende modules: 50%.

**G.28.4.2.5 KURRIKULUM G820P : MAATSKAPLIKE WERK (VERHANDELING)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKR871	Verhandeling	184
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.28.4.2.6 KURRIKULUM G823P : MAATSKAPLIKE WERK IN FORENIESE PRAKTYK**

- Die kurrikulum bestaan uit 5 verpligte modules.
- Module MWKF874 bestaan uit navorsingsteorie en 'n skripsie van beperkte omvang. Module behels 96 krediete en maak dus 50% van Kurrikulum G823P uit.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKF874	Maatskaplikewerknavorsing: teorie en praktyk	96
MWKF876	Algemene kinderassessering	24
MWKF877	Seksuele misbruik en fisiese mishandeling	24
MWKF878	Trauma assessering en ondersoekproses	24
MWKF879	Verlagskrywing en maatskaplike werker as deskundige in die hof	24
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

**G.28.4.2.7 KURRIKULUM G824P : MAATSKAPLIKE WERK (GEDOSEERDE M.A.)**

- a) Die kurrikulum bestaan uit drie verpligte modules en twee keusemodules.
- b) Ten opsigte van module MWKF875 moet die student in oorleg met die vakhoof 'n tema uit EEN van die onderstaande gespesialiseerde diensterreine selekteer, 'n literatuurstudie volgens voorgeskrewe riglyne oor die tema voorberei en op 'n vasgestelde datum indien.
- i) Maatskaplike werk in geriatryse verband (24)
  - ii) Maatskaplike werk in kinder- en gesinsorgverband (24)
  - iii) Maatskaplike werk in strafregtelike verband (24)
  - iv) Maatskaplike werk rakende MIV/VIGS-verwante aangeleenthede (24)
  - v) Maatskaplike werk rakende armoedevraagstukke (24)
  - vi) Maatskaplike werk in die werksplek (24).
- c) Die spesialiseringsterrein moet met die gekose navorsingsprojek (kyk G.28.4.2.1.3) verband hou.
- d) Module MWKF874 bestaan uit navorsingsteorie en 'n skripsie van beperkte omvang. Module behels 96 krediete en maak dus 50% van Kurrikulum G824P uit.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Die volgende drie modules is verpligtend</b>		
MWKF874	Maatskaplikewerknavorsing: teorie en praktyk	96
MWKF875	Gespesialiseerde maatskaplikewerkdienste ( <b>Kyk G.28.4.2.6 b) hierbo</b> )	24
MWKF884	Generiese basis van die gevorderde maatskaplikewerkpraktyk	24
<b>Kies enige twee van die volgende modules</b>		
MWKM886	Gevorderde kliniese maatskaplikewerk	24
MWKM887	Gevorderde maatskaplike groepwerk	24
MWKM888	Gevorderde gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling	24
MWKM889	Gevorderde maatskaplikewerk-bestuur	24
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

**G.28.5 EKSAMINERING**

(Kyk G.20.11 op bladsy 11 van hierdie jaarboek.)

## **G.29 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER CURATIONIS**

**Kwalifikasiekode: 833 100 (V + D)**

### **G.29.1 NAVORSINGSEENHEID, PROGRAMME EN VERWAGTE UITKOMSTE**

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingseenheid 9.1 (AUTHeR).
- b) Navorsing en opleiding in die verskillende programme hieronder aangedui, geskied onder leiding van die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Verpleegkunde en personeel van die onderskeie vakgroepe in Verpleegkunde.
- c) Die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, moet sover moontlik binne die navorsingseenheid 9.1 verrig word.
- d) Die volgende kurrikulums kan gekies word: Gesondheidsdiensbestuur; Gesondheidswetenskaponderwys; Professionele Verpleegkunde; Gemeenskapsverpleegkunde; Psigiatriese verpleegkunde; Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde; Verpleegkunde.
- e) Die student behoort na verwerwing van die kwalifikasie in staat te wees om:
  - i) die bevordering, handhawing en herstel van gesondheid te fasiliteer;
  - ii) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels in die verpleegpraktyk toe te pas;
  - iii) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wettlike praktisering van verpleegkunde te integreer;
  - iv) gesondheidsinligting in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
  - v) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in verpleegkunde;
  - vi) hom/haarself en aktiwiteite effektief in gesondheid te organiseer en bestuur;
  - vii) as 'n gesondheidsdiensfasiliteerder vir die voorsiening van hoë gehalte verpleging op te tree;
  - viii) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar, sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;
  - ix) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste te werk;
  - x) verandering effektief te fasiliteer en te bestuur;

- xi) standarde vir kwaliteitsversekering te ontwikkel en te implementeer;
- xii) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- xiii) persoonlike en professionele ontwikkeling te fasiliteer;
- xiv) betekenisvol by te dra tot die formulering van beleide in verpleegkunde;
- xv) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- xvi) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

#### **G.29.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Hierdie kwalifikasie word by die Potchefstroomkampus in werkswinkel formaat aangebied.
- b) Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

#### **G.29.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Student wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen.
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied .
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene reël A.13.4.

#### **G.29.4 PROGRAM : NAVORSINGSMEESTERSGRAAD : (VERHANDELING)**

Die gekwalifiseerde student behoort in staat te wees om effektief as 'n leier en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multi-dissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As 'n verpleegkundige leier behoort hy/sy in staat te wees om, op grond van roeping, professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegkunde te praktiseer. Hierdie verpleging behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie, die land en die persoon te kan voorsien. Dit behoort gerig te wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre gesondheidsbenadering. Die gevorderde verpleegkundige behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te ervaar, asook die pasiënt se strewe na gesondheid te fasiliteer.

Hierdie program sluit die kurrikulums vir Gemeenskapsverpleegkunde, Gesondheidsdiensbestuur, Gesondheidswetenskaponderwys, Professionele Verpleegkunde en Verpleegkunde in.

## **G.29.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- G.29.4.1.1 Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (G.29.3) geld die volgende:
- a) studente moet bewys lewer dat 'n eerste B.-graad of ekwivalente kwalifikasie<sup>1</sup> reeds verwerf is.
  - b) studente moet aan die begin van elke studiejaar bewys lewer van registrasie as verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging indien hy/sy in Suid-Afrika as verpleegkundige praktiseer;
  - c) om in enige van die verpleegkundige programme/kurrikulums te spesialiseer moet 'n student bewys lewer van die besondere registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of ekwivalente registrasie indien die student nie 'n Suid-Afrikaanse burger<sup>2</sup> is nie;
  - d) om tot enige van die programme/kurrikulums toegelaat te word, moet 'n student ten minste 60% in die finale modules van die besondere spesialisering/program in die eerste B.-graad behaal. Die student word aan 'n keuringsproses onderwerp waartydens die skooldirekteur en studieleier van die bepaalde studierigting/program teenwoordig is; en
  - e) die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie (VPKN874), asook die aanbied van 'n aanvaarbare navorsingsvoorstel vir die vordering na die tweede studiejaar.
- G.29.4.1.2 Verdere bepalings
- G.29.4.1.2.1 *Gemeenskapsverpleegkunde*  
'n Student wat in Gemeenskapsverpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak en 'n Diploma in Gemeenskapsverpleegkunde.
- G.29.4.1.2.2 *Gesondheidsdiensbestuur*  
'n Student wat in Gesondheidsdiensbestuur wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verpleegbestuur as hoofvak en 'n Diploma in Verpleegbestuur.
- G.29.4.1.2.3 *Gesondheidswetenskaponderwys*  
'n Student wat in Gesondheidswetenskaponderwys wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verpleegonderwys as hoofvak en 'n Diploma in Verpleegonderwys.
- G.29.4.1.2.4 *Professionele Verpleegkunde*  
'n Student wat in Professionele Verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n drie- of vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde.

G.29.4.1.2.5 *Verpleegkunde*

'n Student wat hierdie kurrikulum volg moet beskik oor 'n drie- of vierjarige Baccalaureus-graad in Verpleegkunde met 'n minimum van 60% gemiddeld in die finale studiejaar.

**G.29.4.2 Artikulasie en uittreepunt**

- a) Modules (Navorsingsmetodologie, Verplegingsdinamika, Intra- en Interpersoonlike vaardighede) wat by ander universiteite en by die Noordwes-Universiteit voltooi is, binne die voorafgaande 5 jaar, en aan die voorgeskrewe kriteria voldoen, word erken.
- b) Toegang tot Ph.D.-studies by ander universiteite of by die Noordwes-Universiteit kan verleen word.
- c) Uittreepunt wat met ander kwalifikasies artikuleer: Die student sal in staat wees om, ná die suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar, uit te tree na 'n Magister Curationis in 'n ander veld van verpleegkunde of 'n verwante veld in gesondheid of onderrig en voort te gaan met 'n Magistergraad. Toegang tot ander nagraadse programme in ander dissiplines of tersiêre onderrig-organisasies mag ook moontlik wees, afhangend van die vereistes en toegangsreëls vir die programme.

**G.29.4.3 Berekening van modulepunt**

Die modulepunt vir die **M.Cur (verhandeling)** word soos volg bereken:

Verhandeling: 60%

Navorsingsmetodologie (vraestel 1): 20%

Navorsingsmetodologie (vraestel 2): 20%

**G.29.4.4 KURRIKULUM : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE**

**G.29.4.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om die lewenskwaliteit van die persoon, gesin en/of die gemeenskap te fasiliteer deur gesondheid, binne 'n gemeenskapsgesentreerde, kultuursensitiewe benadering te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**G.29.4.4.2 KURRIKULUM G830P : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPGV872	Verhandeling: Gemeenskapsverpleegkunde	152
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.29.4.5 KURRIKULUM : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR****G.29.4.5.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om gesondheidsdienste op 'n gemeenskapsgeïntegreerde, kultuursensitiewe wyse te bestuur met die doel om die persoon, gesin en/of gemeenskap se gesondheid te fasiliteer.

**G.29.4.5.2 KURRIKULUM G831P : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPBV872	Verhandeling: Gesondheidsdiens-bestuur	152
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.29.4.6 KURRIKULUM : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS****G.29.4.6.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om op 'n gemeenskapsgeïntegreerde kultuursensitiewe wyse deur gesondheidswetenskaponderwys die lewenskwaliteit van die persoon, gesin en/of gemeenskap te fasiliteer.

**G.29.4.6.2 KURRIKULUM G832P : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPOV872	Verhandeling: Gesondheidswetenskaponderwys	152
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.29.4.7 KURRIKULUM: PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE****G.29.4.7.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om die lewenskwaliteit van die pasiënt te fasiliteer deur gesondheid, binne 'n gemeenskapsgeïntegreerde kultuursensitiewe benadering, te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**G.29.4.7.2 KURRIKULUM G833P : PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPKV872	Verhandeling: Professionele Verpleegkunde	152
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.29.4.8 KURRIKULUM : VERPLEEGKUNDE****G.29.4.8.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om die lewenskwaliteit van die pasiënt te fasiliteer deur gesondheid binne 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe benadering te bevorder, in stand te hou en te herstel.

**G.29.4.8.2 KURRIKULUM G836P : VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPVV872	Verhandeling: Verpleegkunde	152
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.29.5 PROGRAM : GESTRUKTUREERDE MEESTERSGRAAD (SKRIPSIE)**

- Die student kan na voltooiing van die graad as verpleegspesialis, as gevorderde verpleegkundige registreer by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging. Hy/sy behoort in staat te wees om effektief as 'n leier en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multi-dissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As 'n verpleegkundige leier behoort hy/sy in staat te wees om, professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegkunde te praktiseer. Hierdie verpleging behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie en die persoon te kan voorsien. Dit sal gerig wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre gesondheidsbenadering. Die verpleegspesialis behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te handhaaf, asook die pasiënt se strewe na gesondheid te fasiliteer.
- Hierdie program sluit Psigiatrisie verpleegkunde asook Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde in.

**G.29.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

G.29.5.1.1 Bykomend tot die Algemene Toelatingsvereistes (G.29.3) geld die volgende:

- studente moet bewys lewer dat 'n eerste B.-graad of ekwivalente<sup>1</sup> kwalifikasie reeds verwerf is.
- studente moet aan die begin van elke studiejaar bewys lewer van registrasie as verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging indien hy/sy in Suid-Afrika as verpleegkundige praktiseer;
- om in enige van die verpleegkundige programme/kurrikulums te spesialiseer moet 'n student bewys lewer van die besondere registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of ekwivalente registrasie indien hy/sy nie 'n Suid-Afrikaanse burger<sup>2</sup> is nie;
- om tot enige van die programme/kurrikulums toegelaat te word, moet 'n student ten minste 60% in die finale module van die besondere

spesialiseringsrigting/program in die eerste B.-graad behaal. Die student word aan 'n keuringsproses onderwerp waartydens die direkteur van die skool en studieleier van die bepaalde studierigting/program teenwoordig is; en

- e) die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie (VPKN874), asook die aanbied van 'n aanvaarbare navorsingsvoorstel vir die vordering na die tweede studiejaar.

G.29.5.1.2 Verdere bepalinge

G.29.5.1.2.1 *Psigiatriese verpleegkunde*

'n Student wat in Psigiatriese verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Psigiatriese Verpleegkunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde en 'n Diploma in Psigiatriese Verpleegkunde.

Die student word ook aan psigometriese toetsing onderwerp as deel van die keuringsproses.

G.29.5.1.2.2 *Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde*

'n Student wat in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verloskunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde en 'n Diploma in Verloskunde.

## **G.29.5.2 KURRIKULUM : PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE**

### **G.29.5.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Die student behoort as 'n verpleegspesialis in Psigiatriese verpleegkunde by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging te kan registreer. Hy/sy behoort in staat te wees om:

- a) die bevordering, handhawing en herstel van geestesgesondheid te fasiliteer;
- b) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels in die verpleegpraktyk toe te pas;
- c) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van psigiatriese verpleegkunde te integreer;
- d) geestesgesondheidsinligting in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
- e) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in psigiatriese verpleegkunde;
- f) hom/haarself en aktiwiteite effektief in geestesgesondheid te organiseer en bestuur;
- g) psigiatriese gesondheidsorg as 'n spesialis navorser, praktisyn, leier, terapeut, konsultant en begeleier te fasiliteer;

- h) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;
- i) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste te werk ten einde geestesgesondheid te bevorder, handhaaf en herstel sowel as om 'n effektiewe lewenstyl te bevorder;
- j) gevorderde wetenskaplike beginsels rakende psigiatriese verpleegkunde toe te pas;
- k) as 'n gesondheidsdiensfasiliteerder vir die voorsiening van gehalte psigiatriese verpleegkunde op te tree;
- l) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- m) onderriggeleenthede te skep en/of te gebruik om geestesgesondheid te fasiliteer en te optimaliseer;
- n) betekenisvol by te dra tot die formulering van geestesgesondheidsbeleide in verpleegkunde;
- o) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- p) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

#### **G.29.5.2.2 Artikulasie en uitreepunt**

- a) Modules (Navorsingsmetodologie, Verplegingsdinamika, Intra- en Interpersoonlike vaardighede) wat by ander universiteite en by die Noordwes-Universiteit voltooi is, binne die voorafgaande 5 jaar, en aan voorgeskrewe kriteria voldoen word erken indien die student verkies om die program by 'n ander universiteit te voltooi.
- b) Toegang tot Ph.D.-studies by ander universiteite of by die Noordwes-Universiteit kan verleen word.
- c) Uitreepunt wat met ander kwalifikasies artikuleer: Die student sal in staat wees om, ná die suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar, uit te tree na 'n Magister Curationis in 'n ander veld van verpleegkunde of 'n verwante veld in gesondheid of onderrig en voort te gaan met 'n Magistergraad. Toegang tot ander nagraadse programme in ander dissiplines of tersiêre onderrig-organisasies mag ook moontlik wees, afhangend van die vereistes en toegangsreëls vir die programme.

#### **G.29.5.2.3 Berekening van modulepunt**

Die modulepunt vir die **M.Cur (skripsie)** word soos volg bereken:

Skripsie: 40%

Praktiese komponent (48 krediet module): 20%

Navorsingsmetodologie (32 krediet module): 10%

Oorblywende drie modules (32 krediete per module) tel 10% elk.

**G.29.5.2.4 KURRIKULUM G834P : PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPEK874	Kliniese Psigiatriese verpleegkunde	32
VPEK875	Psigiatriese verpleegvaardighede en metodes	32
VPEK876	Psigiatriese verpleegpraktyk, leierskap en konsultasie	32
VPEP884	Psigiatriese verpleegkunde prakties	48
VPES873	Skripsie: Psigiatriese verpleegkunde	112
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>288</b>

**G.29.5.3 KURRIKULUM : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE****G.29.5.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Die gekwalifiseerde student kan as 'n gevorderde verpleegkundige in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging registreer. Na voltooiing van die kurrikulum behoort hy/sy in staat te wees om:

- a) die bevordering, handhawing en herstel van die gesondheid van die moeder en kind te fasiliteer;
- b) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels toe te pas tydens die praktisering van verloskunde en neonatologiese verpleegkunde;
- c) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van verpleegkunde te integreer;
- d) gesondheidsinligting ten opsigte van die moeder en kind in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
- e) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde;
- f) hom/haarself en aktiwiteite effektief in moeder- en kindsorg te organiseer en bestuur;
- g) verloskunde en neonatologiese gesondheidsorg as 'n spesialis praktisyn, leier, navorser en konsultant te fasiliteer;
- h) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;
- i) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam te werk met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste vir die bevordering, handhaaf en herstel van kind- en moedergesondheid;

- j) as 'n gesondheidsorgfasiliteerder vir die voorsiening van gehalte verloskunde en neonatologiese verpleegkunde op te tree;
- k) onderriggeleenthede te skep en/of te gebruik om die gesondheid van die moeder en kind te fasiliteer en te optimaliseer;
- l) standaarde vir kwaliteitsversekering te ontwikkel en te implementeer;
- m) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- n) persoonlike en professionele ontwikkeling te fasiliteer;
- o) betekenisvol by te dra tot die formulering van beleide ten opsigte van die moeder en kind asook die ontwikkeling van verloskunde en neonatologiese verpleegkunde;
- p) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- q) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

#### G.29.5.3.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Modules (Navorsingsmetodologie, Verplegingsdinamika, Intra- en Interpersoonlike vaardighede) wat by ander universiteite en by die Noordwes-Universiteit voltooi is, binne die voorafgaande 5 jaar, en aan voorgeskrewe kriteria voldoen word erken indien die student verkies om die program by 'n ander universiteit te voltooi.
- b) Toegang tot Ph.D.-studies by ander universiteite of by die Noordwes Universiteit kan verleen word.
- c) Uittreepunt wat met ander kwalifikasies artikuleer: Die student sal in staat wees om, ná die suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar, uit te tree na 'n Magister Curationis in 'n ander veld van verpleegkunde of 'n verwante veld in gesondheid of onderrig en voort te gaan met 'n Magistergraad. Toegang tot ander nagraadse programme in ander dissiplines of tersiêre onderrigorganisasies mag ook moontlik wees, afhangend van die vereistes en toegangsreëls vir die programme.

#### G.29.5.3.3 KURRIKULUM G835P : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPVK874	Die spesialis verloskundige as praktisyn, leier en konsultant	32
VPVK875	Die spesialis verloskundige as klinikus in ante-, intra- en postpartum konteks	32
VPVK876	Die spesialis verloskundige as klinikus in die neonatale konteks	32
VPVP884	Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde: Prakties	48
VPVS873	Skripsie: Verloskunde en Neonatologiese verpleegkunde	112
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>288</b>

## **G.29.6 EKSAMINERING**

(Kyk G.20.11 op bladsy 11 van hierdie jaarboek.)

### **1 'n Ekwivalente kwalifikasie kan die volgende insluit:**

- 'n Driejarige Verpleegkunde-graad met die besondere spesialisering as hoofvak.
- 'n Vierjarige Diploma in Verpleegkunde (wat lei tot registrasie as verpleegkundige (Algemene, Gemeenskaps- en Psigiatryese) en Verloskundige) en 'n nabasiese diploma, bv. In Gesondheidswetenskaponderwys of Gesondheidsdiensbestuur.
- 'n Vierjarige Diploma in Verpleegkunde (wat lei tot registrasie as verpleegkundige (Algemene, Gemeenskaps- en Psigiatryese) en Verloskundige) en 'n driejarige graad in Verpleegkunde (Gesondheidswetenskaponderwys in Gesondheidsdiensbestuur).
- 'n Vierjarige B.Tech-kwalifikasie met die spesialisering as hoofvak en 'n eenjarige nabasiese diploma in verpleegkunde (met die spesialisering as hoofvak).

### **2 Indien die student nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, of indien daar onsekerheid tov sy/haar kwalifikasie bestaan, moet hy/sy die volgende prosedure volg ten einde aansoek te doen om toelating:**

- Daar kan van die student verwag word om sy/haar kwalifikasies aan evaluering deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) te onderwerp;
- Indien SAKO bevind dat die student se kwalifikasies gelykstaande aan 'n ekwivalente kwalifikasie (soos hierbo verduidelik) is, behou die skool die reg om die student te adviseer om eers 'n B-graad of M-graad (wat ok al toepaslik is) te bekom, of om voorwaardelike keuring (onderhewig aan suksesvolle voltooiing van die module in Navorsingsmetodologie (VPKN874) en die suksesvolle afhandeling van die navorsingsvoorstel) toe te staan.

## **G.30 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER PHARMACIAE**

**KWALIFIKASIEKODE: 803 104 (V + D)**

**803 104 (T)**

### **G.30.1 NAVORSINGSSENTITEIT, PROGRAMME EN DOEL**

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die Navorsingsgroep Bestuurde Farmaseutiese Sorg en Farmako-ekonomie.
- b) Navorsing en opleiding in die verskillende programme/kurrikulums hieronder aangedui, geskied onder leiding van die direkteur van die Skool vir Farmasie en personeel van die vakgroepe Kliniese Farmasie en Farmasiepraktyk.
- c) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die Bestuurde Farmaseutiese Sorg en Farmako-ekonomie Navorsingsgroep verrig word.
- d) Die volgende kurrikulums kan gekies word: navorsingsgerigte Farmasiepraktyk (G840P) en die gedoseerde kurrikulums naamlik Kliniese Farmasie (G842T), Hospitaalfarmasie (G843T) en Gemeenskapsfarmasie (G841T).
- e) Die doel van die M.Pharm.-graad is om nagraadse studente op te lei ten einde bevoeg te wees om op 'n hoogs-gespesialiseerde vlak as 'n gespesialiseerde apteker te praktiseer met as oogmerk die lewering van 'n omvattende farmaseutiese diens aan die inwoners van Suid-Afrika.

### **G.30.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Die kurrikulum in Farmasiepraktyk (G840P) kan voltyds of deelyds geneem word, terwyl die ander kurrikulums op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word.
- b) Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

### **G.30.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- b) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- c) 'n Student wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit einde Mei).
- d) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.
- e) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalinge in Algemene reël A.13.42.

#### **G.30.4 PROGRAM : FARMASIE**

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs-gespesialiseerde vlak te kan praktiseer as gespesialiseerde aptekers wat 'n doeltreffende en omvattende farmaseutiese diens aan die inwoners van Suid-Afrika te kan lewer.

#### **G.30.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene reëls van die Universiteit ten opsigte van toelating (Algemene reël A.4) en registrasie (Algemene reël A.5) asook die spesifieke reëls vir Magistergrade (Algemene reël A.13.1), geld die volgende reëls vir die graad M.Pharm.:

- a) 'n B.Pharm.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat mag goedkeur word vereis. In die geval van 'n driejarige B.Sc. (Farm.)-graad sal sodanige addisionele modulewerk vereis word as wat deur die betrokke direkteur van die betrokke skool bepaal word.
- b) Die skooldirekteur kan toelating tot 'n program/kurrikulum wyer indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.
- c) Toepaslike ervaring in die veld van die betrokke program/kurrikulum is 'n vereiste vir die betrokke program/kurrikulum.

#### **G.30.4.2 KURRIKULUM : FARMASIEPRAKTYK**

##### **G.30.4.2.1 Kurrikulumuitkoms**

Die student sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die profesie en funksies van die aptekersprofesie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

##### **G.30.4.2.2 Artikulasie**

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

##### **G.30.4.2.3 KURRIKULUM G840P : FARMASIEPRAKTYK**

Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamepunt word opgebou deur bywoning/afhandeling van bepaalde kursusse wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die kursusse word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Skool vir Farmasie.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPMG871	Verhandeling	184
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.30.4.3 KURRIKULUM : GEMEENSKAPSFARMASIE****G.30.4.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal bevoeg wees om as 'n gemeenskapsapteker op 'n gespesialiseerde vlak te praktiseer deur voorsiening van 'n omvattende farmaseutiese diens.

**G.30.4.3.2 Artikulasie**

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

**G.30.4.3.3 Ander reëls**

Van alle studente word verwag om 'n kursus in Navorsingsmetodologie te doen.

**G.30.4.3.4 KURRIKULUM G841T : GEMEENSKAPSFARMASIE**

Die program is 'n gedoseerde kurrikulum wat op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word in die vorm van vier (4) verpligte modules en 'n skripsie asook vier (4) keusemodules. Die keusemodules word in oorleg met die studieleier gekies.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste semester</b>		
BSKT211*	Farmaseutiese Bestuur III: Persoonlike Bedryfsielkunde	16
BSKT311*	Organisasiegedrag	16
FMIA613	Biofarmaseutika	16
FMIA614	Stabiliteit van Farmaseutiese Produkte	16
FPHA611	Inleiding tot Farmako-ekonomie	16
FPHA612*	Bestuurde Farmaseutiese Sorg	16
FPHA613	Gesondheidsbestuur en Geneesmiddel-gebruiksevaluering	16
REKP111	Farmaseutiese Bestuur II: Finansiële Rekeningkunde	16
<b>Tweede semester</b>		
FPGA873*	Skripsie	56
FPHA621	Farmakoterapie I	16
FPHA622	Farmakoterapie II	16
FPHA623*	Farmako-epidemiologie	16
FPHA624	Wetgewing en Kwaliteitskontrole	16
OMBT121*	Farmaseutiese Bestuur I: Entrepreneurskap	16
OMBT221	Farmaseutiese Bestuur IV: Bemarkingsbestuur	16
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**OPMERKING:**

\*= Verpligte modules

**G.30.4.4 KURRIKULUM : KLINIESE FARMASIE****G.30.4.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal bevoeg wees om as 'n kliniese apteker te praktiseer met gespesialiseerde kennis van kliniese aspekte van aptekerswese spesifiek toegespits op siektetoestande en die behandeling daarvan.

**G.30.4.4.2 Artikulasie**

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

**G.30.4.4.3 Ander reëls**

Van alle studente word verwag om 'n kursus in Navorsingsmetodologie te doen.

**G.30.4.4.4 KURRIKULUM G842T : KLINIESE FARMASIE**

- a) Die program is 'n gedoseerde kurrikulum wat op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word in die vorm van vier (4) verpligte modules en 'n skripsie asook keusemodules tot 'n maksimum van 64 krediete. Die keuse-modules word in oorleg met die studieleier gekies.
- b) Basiese rekenaar- en internetvaardighede is 'n voorvereiste vir hierdie kurrikulum. Dit impliseer dat die student bewys van hierdie vaardighede moet kan lewer, tot bevrediging van die studieleier/programkoördineer. Hierdie vaardighede kan verkry word deur die voltooiing van 'n sertifikaatkursus (module FWWT671) aan die Universiteit.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste semester</b>		
FKLT631	Beginsels van Farmakokinetika	8
FKLT632	Beginsels van Farmakodinamika	16
FKLT633	Geneesmiddels vir Pyn, Inflammasie, Koors en Lugwegsiektes	16
FKLT641	Geneesmiddels en die Perifere Senuweestelsel	8
FKLT642	Chemoterapie van Infeksies en Infestasies	16
FMIA613	Biofarmaseutika	16
FPHA612	Bestuurde Farmaseutiese Sorg	16
FWWT671	Basiese Rekenaar- en Internetvaardighede	8 – sertifikaatkursus
<b>Tweede semester</b>		
FKLT651	Geneesmiddels en die Sentrale Senuweestelsel	16
FKLT652	Hormone , Hormonoïede en Hormoon-antagoniste	16
FKLT661	Geneesmiddels vir die Renale en Kardiovaskulêre Siste	16
Vervolg op volgende bladsy		

Module kode	Beskrywende naam	Krediete
FPFA873*	Skripsie	56
FPFA621*	Farmakoterapie I	16
FPFA622*	Farmakoterapie II	16
FPFA623*	Farmako-epidemiologie	16
<b>Enige een van die volgende vier modules:</b>		
FKLT662	Geneesmiddels vir die SVK en velafwykings	8
FKLT663	Vitamiene, Hematopoïetika en Immunofarmakologie	8
FKLT664	Gevorderde Farmakologiese beginsels	8
FKLT665	Getuienis-gebaseerde Geneeskunde	8
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**OPMERKING:**

\*=Verpligte modules

**G.30.4.5 KURRIKULUM : HOSPITAALFARMASIE**

**G.30.4.5.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal bevoeg wees om op 'n gespesialiseerde vlak as 'n hospitaalpteker te praktiseer deur die voorsiening van 'n omvattende farmaseutiese diens in die hospitaalomgewing.

**G.30.4.5.2 Artikulasie**

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

**G.30.4.5.3 Ander reëls**

Van alle studente word verwag om 'n module in Navorsingsmetodologie te doen.

**G.30.4.5.4 KURRIKULUM G843T : HOSPITAALFARMASIE**

Die program is 'n gedoseerde kurrikulum wat op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word in die vorm van vier (4) verpligte modules en 'n skripsie asook vier (4) keusemodules. Die keusemodules word in oorleg met die studieleier gekies.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Eerste semester</b>		
BSKT211*	Farmaseutiese Bestuur III: Persoonlike Bedryfsielkunde	16
BSKT311	Organisasiegedrag	16
FMIA613	Biofarmaseutika	16
FMIA614	Stabiliteit van Farmaseutiese Produkte	16
FPFA611	Inleiding tot Farmako-ekonomie	16
FPFA612*	Bestuurde Farmaseutiese Sorg	16
Vervolg op volgende bladsy		

<b>Modulekode</b>	<b>Beskrywende naam</b>	<b>Krediete</b>
FPHA613	Gesondheidsbestuur en Geneesmiddel-gebruiksevaluering	16
REKP111	Farmaseutiese Bestuur II: Finansiële Rekeningkunde	16
<b>Tweede semester</b>		
FMIA624	Nuwe en Biotegnologiese Produkte	16
FPHA621	Farmakoterapie I	16
FPHA622	Farmakoterapie II	16
FPHA623	Farmako-epidemiologie	16
FPHA624*	Wetgewing en Kwaliteitskontrole	16
FPHA625	Medisyne Voorsieningsisteme	16
OMBT121*	Farmaseutiese Bestuur I: Entrepreneurskap	16
OMBT221	Farmaseutiese Bestuur IV: Bemerkingsbestuur	16
FPHA873*	Skripsie	56
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**OPMERKING:**

\*= Verpligte modules

**G.30.5 EKSAMINERING**

(Kyk G.20.11 op bladsy 11 van hierdie jaarboek).

## **G.31 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE**

### **G.31.1 NAVORSINGSENTITEITE EN PROGRAMME**

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die onderskeie navorsingsentiteite.
- b) Navorsing en opleiding in die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding kan geskied in een van die volgende kurrikulums:
  - i) Dieetkunde (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - ii) Voeding (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe).
- c) Navorsing en opleiding in navorsingseenheid 9.1 (AUTHeR) kan geskied in een van die volgende kurrikulums:
  - i) Beroepshigiëne (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - ii) Fisiologie (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - iii) Menslike Bewegingskunde (Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap);
  - iv) Psigologie (Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe); en
- c) Navorsing en opleiding in navorsingseenheid 9.2 (Geneesmiddelnavorsing en –ontwikkeling) geskied in die Skool vir Farmasie in een van die volgende kurrikulums:
  - i) Farmakologie;
  - ii) Farmaseutiese Chemie;
  - iii) Farmaseutika.
- d) Navorsing en opleiding geskied onder leiding van die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteure van die betrokke skool soos hierbo aangedui en personeel van die onderskeie vakgroepe.
- e) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne bogenoemde navorsingsentiteite verrig word.
- f) Studente kan tydens hulle studie, slegs met die skriftelike toestemming van die skooldirekteure en navorsingsdirekteur, van program/kurrikulum verander of die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, wysig.

### **G.31.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat hieronder verder beskryf word. Die professionele opleiding kan slegs voltyds geneem word, terwyl die akademiese opleiding voltyds of deelyds geneem kan word.

- b) Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

**G.31.2.1 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Student wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit einde Mei).
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalinge in Algemene reël A.13.4.

**G.31.3 PROGRAM : BEROEPSHIGIËNE**

**Kwalifikasiekode: 203 160 (NH) (V + D)**

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as beroepshigiëniste in die industrie en navorsers in die gesondheidswetenskappe.

**G.31.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes in die A-reëls (A.13.1) geld die volgende toelatingsvereistes:

- a) die student moet in besit wees van 'n toepaslike Honneurs Baccalaureus graad of gelykwaardige kwalifikasie;
- b) minstens 60% in Fisiologie (of gelykwaardige kwalifikasie) op honneursvlak;
- c) goedkeuring deur die skooldirekteur;
- d) keuring is onderhewig aan beskikbare kapasiteit.

**G.31.3.2 KURRIKULUM : BEROEPSHIGIËNE**

**G.31.3.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Die gekwalifiseerde student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van beroepshigiëne te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindings op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel. Die student sal die vermoë besit om in die industrie as beroepshigiëniste te kan funksioneer.

#### G.31.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Beroepshigiëne en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van die akademiese prestasie van die student asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

#### G.31.3.2.3 Ander reëls

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur die studente gehandhaaf word.
- b) Vier vraestelle en 'n skripsie moet voltooi word tydens die kurrikulum.

#### G.31.3.2.4 Berekening van modulepunt

Die modulepunt word soos volg bereken: Skripsie: 50% en gemiddeld van vier modules: 50%.

#### G.31.3.2.5 KURRIKULUM G851P: BEROEPSHIGIËNE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX883	Skripsie	96
FLGX884	Beroepshigiëne monitering B	24
FLGX885	Vibrasie, hitte en ergonomiese faktore	24
FLGX886	Arbeidswetgewing	24
FLGX887	Persoonlike beskermingstoerusting en straling	24
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

#### Opmerking:

Die bywoning en slaag van 'n NOSA-kursus in Beroepshigiëne en Veiligheid is verpligtend.

#### G.31.4 PROGRAM : DIEETKUNDE

**Kwalifikasiekode: 203 169 (V + D)**

Vir hierdie program is dit moontlik om direk na die vierjarige B.Sc. (Dieetkunde)-graad te registreer mits aan die toelatingsvereistes voldoen word.

#### G.31.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1) geld die volgende toelatingsvereistes:

- a) vir toelating tot die M.Sc. in Dieetkunde moes die student minstens 60% behaal het in elk van die volgende modules: VTRP314, VTRP321, VOED323 en VNAV471 of gelykwaardige modules;
- b) inleidende beskrywende statistiek (STTK111) of 'n gelykwaardige module is 'n voorvereiste vir toelating tot die M.Sc. in Dieetkunde;
- c) keuring is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student en beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Voorkeur sal aan voltydse studente gegee word.

**G.31.4.2 KURRIKULUM : DIEETKUNDE****G.31.4.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Dieetkunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, tegnieke en prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer, 'n navorsingsverslag daaruit kan saamstel en leiding kan neem in Voedingsorg in Suid-Afrika.

**G.31.4.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Dieetkunde of Voeding.

**G.31.4.2.3 Berekening van modulepunt**

Die modulepunt word in die geval van M.Sc. Dieetkunde (skripsie) soos volg bereken:

Skripsie: 50% en gemiddeld van drie modules: 50%.

**G.31.4.2.4 KURRIKULUM G851P: DIEETKUNDE (SKRIPSIE)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED873	Skripsie	96
VOED874*	Voeding op openbare gesondheidsvlak	32
VOED875*	Gevorderde voedingkunde	32
VOED876*	Sportvoeding	32
VOED877*	Terapeutiese voeding	32
VOED878*	Voedseldiensbestuur	32
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

**Opmerking:**

- a) \* = Keusemodules (kies enige drie modules)

**G.31.4.2.5 KURRIKULUM G875P : DIEETKUNDE (VERHANDELING)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED871	Verhandeling	192
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

### **G.31.5 PROGRAM : FARMASIE**

**Kwalifikasiekode: 203 162 (NH) (V + D)**

**203 170 (NB) (V + D)**

- a) Die M.Sc.-graad in die onderskeie kurrikulums is 'n navorsings-gebaseerde graad en bestaan uit 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n verhandeling in een van die volgende kurrikulums: Farmaseutiese Chemie (G852P), Farmakologie (G853P) of Farmaseutika (G854P)
- b) Die doel van die kurrikulums is om in Suid-Afrika se behoefte te voorsien aan hoë-vlak mannekrag in die Aptekersprofessie. Die student sal hom/haar onderskei as 'n spesialis in sy/haar betrokke gekose veld (program) en sal bevoeg wees om navorsingsmetodologie op die vlak en in die betrokke veld van studie toe te pas.
- c) Die kurrikulums word op 'n voltydse en deelydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.

#### **G.31.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot 'n bepaalde kurrikulum geskied op grond van keuring deur die navorsingsdirekteur van die skool en/of die skooldirekteur. Die skooldirekteur/navorsingsdirekteur kan 'n voornemende student toelating tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.
- b) Behoudens uitsonderinge wat die Senaat mag goedkeur, is die toelatingsvereistes vir die Farmaseutiese Chemie (G852P) en Farmaseutika (G854P)-kurrikulums - 'n vierjarige B.Pharm.-graad, 'n B.Sc.(Farm.)-graad, 'n toepaslike Honneursgraad of kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou. In die geval van 'n 3-jarige B.Pharm.- of B.Sc.(Farm.)-graad sal sodanige addisionele kursuswerk vereis word as wat deur die betrokke programkoördineerder bepaal word. Vir die Farmakologieprogram (G853P) word 'n Hons. B.Sc.-graad in Farmakologie, 'n vierjarige B.Pharm.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat mag goedkeur, vereis.

#### **G.31.5.2 Berekening van modulepunt**

- a) Die modulepunt word bereken vir die verskillende vakgroepe soos uiteengesit in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling, wat aan al die studente verskaf word.
- b) In die geval waar die evaluering van die verhandeling aangevul word met 'n mondelinge evaluering, word die eksamenpunt bereken uit die evalueringspunt vir die verhandeling en die mondelingspunt. Die verhouding van die verhandeling tot die mondeling in die berekening van die modulepunt sal deur die betrokke vakgroep in oorleg met die skooldirekteur en/of navorsingsdirekteur vasgestel word.

**G.31.5.3 KURRIKULUM : FARMASEUTIESE CHEMIE****G.31.5.3.1 Kurrikulumuitkoms**

Die student sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die professie en funksies van die aptekersprofessie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

**G.31.5.3.2 Artikulasie**

Die M.Sc.-graad in hierdie kurrikulum gee aan die student toegang tot die Ph.D.-graad aan hierdie en ander universiteite wat sodanige graad in die betrokke veld aanbied, terwyl dit ook toegang verleen tot ander meestersgrade aan die universiteit en ander Farmasieskole.

**G.31.5.3.3 KURRIKULUM G852P : FARMASEUTIESE CHEMIE**

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FCHG871	Verhandeling	184
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.31.5.4 KURRIKULUM : FARMAKOLOGIE****G.31.5.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die professie en funksies van die aptekersprofessie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

**G.31.5.4.2 Artikulasie**

Die M.Sc.-graad in hierdie kurrikulum gee aan die student toegang tot die Ph.D.-graad aan hierdie en ander universiteite wat sodanige graad in die betrokke veld aanbied, terwyl dit ook toegang verleen tot ander meestersgrade aan die universiteit en ander Farmasieskole.

**G.31.5.4.3 KURRIKULUM G853P : FARMAKOLOGIE**

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FKLG871	Verhandeling	184
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.31.5.5 KURRIKULUM : FARMASEUTIKA****G.31.5.5.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die profesie en funksies van die aptekersprofesie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

**G.31.5.5.2 Artikulasie**

Die M.Sc.-graad in hierdie kurrikulum gee aan die student toegang tot die Ph.D.-graad aan hierdie en ander universiteite wat sodanige graad in die betrokke veld aanbied, terwyl dit ook toegang verleen tot ander meestersgrade aan die universiteit en ander Farmasieskole.

**G.31.5.5.3 KURRIKULUM G854P : FARMASEUTIKA**

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMSG871	Verhandeling	184
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.31.6 PROGRAM : FISIOLOGIE****Kwalifikasiekode: 203 163 (NH) (V + D)****203 171 (NB) (V + D)**

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as navorsers in die gesondheidswetenskappe.

**G.31.6.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes in die A-reëls (A.13.1) geld die volgende toelatingsvereistes:

- a) die student moet in besit wees van 'n toepaslike Honneurs Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie;
- b) minstens 60% in Fisiologie (of gelykwaardige kwalifikasie) op honneursvlak;
- c) goedkeuring deur die skooldirekteur;
- d) keuring is onderhewig aan beskikbare kapasiteit, en
- e) die student met bewys lewer van immunisering, ten minste teen Hepatitis B.

**G.31.6.2 KURRIKULUM : FISIOLOGIE****G.31.6.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Gesondheidswetenskappe of kardiovaskulêre Fisiologie in die besonder, te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, - tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel.

**G.31.6.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Fisiologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van die student se akademiese prestasie en beskikbare kapasiteit in die kardiovaskulêre navorsingsgroep.

**G.31.6.2.3 Ander reëls**

'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

**G.31.6.2.4 KURRIKULUM G855P : FISIOLOGIE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX871	Verhandeling	192
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

## **G.31.7 PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

**Kwalifikasiekode: 203 164 (NH) (V + D)**

**203 172 (NB) (V + D)**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die kurrikulum bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Menslike Bewegingskunde.

### **G.31.7.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1), geld die volgende toelatingvereistes van die Skool:

- a) 'n gemiddelde akademiese punt van 60% behaal in die honneursjaar;
- b) slaag van 'n keuringsproses soos voorgeskryf vir elke spesialisering- rigting/program van die skool; en
- c) goedkeuring deur die skooldirekteur/programleier.

### **G.31.7.2 KURRIKULUM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

#### **G.31.7.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Menslike Bewegingskunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel.

#### **G.31.7.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Menslike Bewegingskunde.

#### **G.31.7.2.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.
- b) 'n Student kan 'n keuse uitoefen tussen 'n verhandeling en 1 vraestel, en 'n skripsie en 3 vraestelle, na gelang van die M-program van die skool.
- c) Met goedkeuring van die skooldirekteur kan 'n student wat die Geesteswetenskaplike kurrikulum G857P kies één van die keusemodules vervang met 'n keusemodule in kurrikulum G861P (Natuurwetenskaplike kurrikulum).
- d) Met goedkeuring van die skooldirekteur kan 'n student wat die Natuurwetenskaplike kurrikulum G861P kies één van die keusemodules vervang met 'n keusemodule in kurrikulum G857P (Geesteswetenskaplike kurrikulum).

**G.31.7.2.4 KURRIKULUM G856P : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWV871	Verhandeling	180
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

**G.31.7.2.5 KURRIKULUM G857P : KINDERKINETIKA**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK873	Skripsie	120
<b>Twee van die volgende</b>		
MBWK875	Kinderkinetika : motoriese en bewegingstimulasie vir 0-3 jarige kinders	32
MBWK876	Kinderkinetika : motoriese terapie vir leerverwante probleme	32
MBWK877	Gesondheidsbevorderende aktiwiteite vir jong kinders	32
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.31.7.2.6 KURRIKULUM G861P : BIOKINETIKA**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK873	Skripsie	120
<b>Twee van die volgende</b>		
MBWB876	Biokinetika: Ortopediese rehabilitasie	32
MBWB877	Gesondheidsbevorderende aktiwiteite vir jong kinders	32
MBWB878	Biokinetika: Praktyk	32
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

**G.31.8 PROGRAM : PSIGOLOGIE**

**Kwalifikasiekodes: 203 165 (V + D) (G868P) (Psigologie – [navorsing])  
203 176 (V + D) (G865P) (Kliniese Psigologie)  
203 177 (V + D) (G866P) (Voorligtingspsigologie)**

- a) Drie kurrikulums is in hierdie program saamgestel, waarvan al drie professioneel van aard is. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekrag-behoefes van ons land. Hierdie kurrikulums berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.
- b) Die Kliniese-, Voorligting- asook die Navorsingspsigologieprogramme bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as Psigoloog by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

**G.31.8.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1) geld die volgende fakulteitstoelatingsvereistes:

- a) die student moet 'n akademiese- en persoonlikheidskeuring slaag by voltooiing van die Honneursgraad vir toelating tot die professionele kurrikulums.

**G.31.8.2 Berekening van modulepunt**

Daar is vyf vraestelle en 'n verhandeling. Die punteberekening van die vraestelle tot die verhandeling is 1 : 1.

Die vyfde vraestel is die praktiese vraestel wat bestaan uit twee gevallevoordragte en 'n mondelinge vraestel. Die punteberekening van die gevallevoordragte tot die mondelinge eksamen is 1 : 1.

**G.31.8.3 KURRIKULUM : KLINIESE PSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

**Kwalifikasiekode: 203 176 (V + D) (G865P) (Kliniese Psigologie)**

**G.31.8.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Kliniese Psigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder.

**G.31.8.3.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Psigologie.

**G.31.8.3.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word.
- b) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

**G.31.8.3.4 KURRIKULUM G865P : KLINIESE PSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSIK872	Verhandeling	100
PSIK874	Psigo-farmakologie, neuropsigologie en psigopatologie A	20
PSIK875	Kinderterapie en –patologie A	20
PSIK876	Terapeutiese tegnieke A1	20
PSIK877	Terapeutiese tegnieke A2	20
PSIK878	Praktiese werk A	20
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>200</b>

**G.31.8.4 KURRIKULUM : VOORLIGTINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

**Kwalifikasiekode: 203 177 (V + D) (G866P) (Voorligtingpsigologie)**

**G.31.8.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Voorligtingpsigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder.

**G.31.8.4.2 Artikulasie en uitreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Psigologie.

**G.31.8.4.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word.
- b) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

**G.31.8.4.4 KURRIKULUM G866P : VOORLIGTINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSIV872	Verhandeling	100
PSIV874	Psigo-farmakologie, neuropsigologie en psigopatologie B	20
PSIV875	Kinderterapie en –patologie B	20
PSIV876	Voorligtingstegnieke B1	20
PSIV877	Voorligtingstegnieke B2	20
PSIV878	Praktiese werk B	20
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>200</b>

**G.31.8.5 KURRIKULUM : NAVORSINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

**Kwalifikasiekode: 203 165 (V + D) (G868P) (Psigologie – [navorsing])**

**G.31.8.5.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Navorsingsielkunde te registreer, en sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede in die metodieke hoe om toepaslike navorsingsvrae in die verskillende domeine van die psigologie te formuleer en te bestudeer. Die student sal toegerus wees om navorsing op individuele, gemeenskaps- en/of interdisiplinêre vlak te doen;

die nodige kwantitatiewe en/of kwalitatiewe tegnieke te benut; die navorsing op 'n etiese en wetenskaplike wyse uit te voer; navorsingsresultate op 'n wetenskaplike wyse te interpreteer; om resultate mondelings te kommunikeer en om navorsingsverslae te skryf.

**G.31.8.5.2 Artikulasie en uitreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Psigologie.

**G.31.8.5.3 Ander reëls**

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word.
- b) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

**G.31.8.5.4 KURRIKULUM G868P : NAVORSINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSIM872	Verhandeling	128
PSIM874	Kritiese navorsingsvaardighede	16
PSIM875	Kwantitatiewe navorsingsvaardighede	16
PSIM876	Kwalitatiewe navorsingsvaardighede	16
PSIM877	Projekbestuur	16
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

**G.31.9 PROGRAM : VOEDING**

**Kwalifikasiekode: 203 166 (V + D)**

Die program is so saamgestel dat die student 'n keuse kan uitoefen tussen die navorsingsgerigte kurrikulum (G871P) wat 'n verhandeling insluit, óf die gedoseerde kurrikulum (G870P) wat drie vraestelle en 'n skripsie, gebaseer op 'n navorsingsprojek, insluit.

**G.31.9.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1) geld die volgende:

- a) Studente wat oor die M.B.Ch.B beskik, kan tot die graad M.Sc (Voeding) toegelaat word, mits ontbrekende kennis tot bevrediging van die skooldirekteur vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe bygewerk word.
- b) Vir toelating tot die M.Sc. in Voeding moes die student 'n gemiddeld van minstens 60% in die Honneursstudie behaal het.
- c) Keuring is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student en beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Voorkeur sal aan voltydse studente gegee word.

**G.31.9.2 KURRIKULUM : VOEDING****G.31.9.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Voeding te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer, 'n navorsingsverslag daaruit kan saamstel en leiding kan neem in Voedingsorg in Suid-Afrika.

**G.31.9.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen 'n toegang tot die Ph.D.-graad in Voeding.

**G.31.9.2.3 Berekening van modulepunt**

Die modulepunt word in die geval van die M.Sc. Voeding (skripsie) soos volg bereken:

Skripsie: 50% en gemiddeld van drie modules: 50%.

**G.31.9.2.4 KURRIKULUM G870P : VOEDING**

'n Student kan 'n keuse uitoefen tussen 'n verhandeling óf 'n skripsie en drie vraestelle na gelang van vorige leer en die M-program van die skool.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED873	Skripsie	96
VOED874	Voeding op openbare gesondheidsvlak	32
VOED875	Gevorderde voedingkunde	32
VOED876	Sportvoeding	32
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

**G.31.9.2.5 KURRIKULUM G871P : VOEDING**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED871	Verhandeling	192
<b>Kredietpunt totaal vir die kurrikulum</b>		<b>192</b>

**G.31.10 EKSAMINERING**

(Kyk G.20.11 op bladsy 11 van hierdie jaarboek.)

## **G.32 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER VERBRUIKERS- WETENSKAPPE**

**Kwalifikasiekode: 836 100 (V + D)**

### **G.32.1 NAVORSINGSEENHEID EN PROGRAMME**

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingseenheid 9.1 (AUTHeR).
- b) Navorsing en opleiding in die kurrikulum van Verbruikerswetenskappe geskied onder leiding van die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe en personeel van die vakgroep Verbruikerswetenskappe.
- c) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingseenheid 9.1 verrig word.

### **G.32.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Hierdie studie kan voltyds of deelyds geneem word.
- b) Die **minimum duur** van studie is **een jaar voltyds en twee jaar deelyds**. Die **maksimum duur is drie jaar**.
- c) Algemene reël A.13.5 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

### **G.32.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Student wat vir die eerste keer vir die magistergraad aansoek doen moet dit voor 30 November van die betrokke jaar doen, aangesien klasse reeds in Januarie van die volgende jaar begin.
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalinge in Algemene reël A.13.4.

### **G.32.4 PROGRAM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE**

#### **G.32.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie program geskied met inagneming van die student se voorafgaande akademiese prestasie. 'n Gemiddelde akademiese punt van 60% behaal in die honneursprogram of gelykwaardige vierjarige B. Verbruikerswetenskappe-program, word vereis.
- b) Toelating tot die kurrikulum geskied met inagneming van die spesifieke vakkombinasies wat 'n student op honneursvlak of tydens die vierjarige B. Verbruikerswetenskappe-graad soos gespesifiseer in G.25.3.1(a) voltooi het.
- c) STTK111 of 'n gelykwaardige statistiekkursus/module word as 'n voor- of newereise gestel in geval van projekte wat kwantitatiewe metodes en resultaatbepalings vereis.

- d) Studente sal slegs tot die program toegelaat word indien voldoende kapasiteit beskikbaar is.

#### **G.32.4.2 KURRIKULUM : VERBRUIKERSWETENSAPPE**

##### **G.32.4.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student toegerus wees met kennis en navorsingsvaardighede wat hom/haar in staat sal stel om waarde toe te voeg aan aktiwiteite voortvloeiend uit hierdie kurrikulum vanuit 'n Christelike perspektief.

##### **G.32.4.2.2 Artikulasie en uitreepunt**

Suksesvolle verwerwing van die M. Verbruikerswetenskappe-graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Verbruikerswetenskappe en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van die student se akademiese prestasie en beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

##### **G.32.4.2.3 Ander reëls**

'n Student kan in oorleg met die skooldirekteur en die studieleier kies tussen 'n kurrikulum bestaande uit 'n verhandeling en een vraestel óf 'n kurrikulum bestaande uit 'n skripsie en twee vraestelle.

##### **G.32.4.2.4 KURRIKULUM G880P : VERBRUIKERSWETENSAPPE (VERHANDELING)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VERB872	Verhandeling	144
VERB876	Verbruikersgedrag en Navorsings- metodologie	40
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

*VERB876 bestaan uit: Verbruikersgedrag (24 krediete) en Navorsingsmetodologie (16 krediete).*

##### **G.32.4.2.5 KURRIKULUM G881P : VERBRUIKERSWETENSAPPE (SKRIPSIE)**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VERB876	Verbruikersgedrag en Navorsings- metodologie	40
VNAV871	Skripsie	96
<b>Keusemodules: Die student moet EEN van die volgende modules kies</b>		
VGHB874	Gevorderde Verbruikershulpbronbestuur	48
VKLE874	Gevorderde Tekstiele	48
VKLE878	Gespesialiseerde Modebedryf	48
VVDL874	Gevorderde Voedsel	48
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

*VERB876 bestaan uit: Verbruikersgedrag (24 krediete) en Navorsingsmetodologie (16 krediete).*

#### **G.32.5 EKSAMINERING**

(Kyk G.20.11 op bladsy 11 van hierdie jaarboek.)

## **G.33 REÛLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR**

### **G.33.1 NAVORSINGSENTITEITE EN PROGRAMME**

- G.33.1.1 Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die onderskeie navorsingsentiteite.
- G.33.1.2 Navorsing en opleiding in die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding kan geskied in een van die volgende rigtings/programme:
- a) Dieetkunde (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - b) Voeding (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
- G.33.1.3 Navorsing en opleiding in navorsingseenheid 9.1 (AUTHeR) kan geskied in een van die volgende rigtings/programme:
- a) Beroepshigiëne (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - b) Fisiologie (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - c) Maatskaplike Werk (Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe);
  - d) Menslike Bewegingskunde (Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap);
  - e) Psigologie (Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe);
  - f) Rekreasiekunde (Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap);
  - g) Verbruikerswetenskappe: Algemeen (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe)
  - h) Gesinshulpbronbestuur (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - i) Kleding (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
  - j) Gemeenskapsverpleegkunde (Skool vir Verpleegkunde);
  - k) Gesondheidsdiensbestuur (Skool vir Verpleegkunde);
  - l) Gesondheidswetenskaponderwys (Skool vir Verpleegkunde);
  - m) Professionele Verpleegkunde (Skool vir Verpleegkunde);
  - n) Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde (Skool vir Verpleegkunde);
  - o) Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde (Skool vir Verpleegkunde);
  - p) Verpleegkunde (Skool vir Verpleegkunde), en
- G.33.1.4 Navorsing en opleiding in navorsingseenheid 9.2 (Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling) geskied in een van die volgende kurrikulums:
- a) Farmaseutiese Chemie (Skool vir Farmasie);
  - b) Farmaseutika (Skool vir Farmasie);

- c) Farmakologie (Skool vir Farmasie).
- G.33.1.5 Navorsing en opleiding in die Bestuurde Farmaseutiese Sorg en Farmako-  
ekonomie Navorsingsgroep geskied in die volgende kurrikulums:
  - a) Kliniese Farmasie; en
  - b) Farmasiepraktyk.
- G.33.1.6 Navorsing en opleiding in die navorsingsentiteite geskied onder leiding van die  
navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteure van die betrokke skool soos  
hierbo aangedui en personeel van die onderskeie vakgroepe.
- G.33.1.7 Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word,  
moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die  
navorsingsentiteite verrig word.
- G.33.1.8 Studente kan tydens hulle studie, slegs met die skriftelike toestemming van die  
skooldirekteure en navorsingsdirekteur, van program/kurrikulum verander of  
die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, wysig.

### **G.33.2 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Die **minimum duur** van die studie is **twee jaar** en die **maksimum duur** is  
**vier jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke  
program.
- b) Vrystelling van 'n gedeelte van die studietydperk of krediete geskied  
kragtens Algemene reël A.14.5.2.
- c) Verlenging van die studietydperk geskied kragtens Algemene reëls A.14.6  
en A.13.5.2.

### **G.33.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.14.1.
- b) 'n Student wat vir die eerste keer vir die doktorsgraad registreer moet dit  
voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit einde Mei).
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op  
31 Maart geskied.
- d) Goedkeuring van die studieprogram en die prosedure wat gevolg moet  
word geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.14.4.

### **G.33.4 PROGRAM : BEROEPSHIGIËNE**

#### **Kwalifikasiekode: 805 104 (V + D)**

- a) Die doel van die kwalifikasie is om aan 'n student wat reeds oor 'n magistergraad in die veld van Beroepshigiëne beskik of oor 'n kwalifikasie wat as gelykwaardig erken word, in staat te stel om by wyse van 'n doktrale proefskrif bewys te lewer dat hy/sy 'n definitiewe wetenskaplike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van nuwe kennis en/of toepasbare vaardighede.
- b) 'n Verdere doel van die kwalifikasie is om Suid-Afrika te voorsien van wetenskaplike navorsers wat oor breë teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede in beroepshigiëne beskik.

#### **G.33.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Toelating tot hierdie program geskied na voltooiing van die Magistergraad (Algemene reël A.14.1). Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes, geld die volgende addisionele toelatingsvereistes:

- a) minstens 60% in Beroepshigiëne (of gelykwaardige kwalifikasie) op M-vlak;
- b) goedkeuring deur die skooldirekteur;
- c) keuring is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die Beroepshigiëne groep.

#### **G.33.4.2 KURRIKULUM : BEROEPSHIGIËNE**

##### **G.33.4.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Bo en behalwe die uitkomste en kriteria soos beskryf by die eerste algemeenvormende B.Sc.-graad, die Honneurs B.Sc.-graad en die M.Sc.-graad, sal die student in hierdie kurrikulum:

- a) oor toegepaste bevoegdheid in toepasbare kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsmetodologie en wetenskaplike skryfkuns beskik;
- b) in staat wees om deur die integrering van bogenoemde vaardighede en op grond van deeglike ondersoek van bestaande kennis soos gereflekteer deur toepaslike wetenskaplike literatuur;
- c) 'n relevante navorsingsprobleem te identifiseer in 'n natuurwetenskaplike dissipline;
- d) die verlangde navorsing ter oplossing van die probleem uit te voer;
- e) die resultate wetenskaplik te evalueer in die konteks van die probleemstelling; en
- f) die resultate wetenskaplik te kommunikeer.

##### **G.33.4.2.2 Artikulasie en uitreepunt**

Die student sal toegerus wees om met verdere leer en navorsing selfstandig voort te gaan in verwante spesialisingsgebiede aan ander inrigtings of industrië, nasionaal en internasionaal.

**G.33.4.2.3 KURRIKULUM G901P : BEROEPSHIGIËNE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGB971	Proefskrif	384
<b>Kredietotaal vir kurrikulum</b>		<b>384</b>

**G.33.5 PROGRAM : DIEETKUNDE****Kwalifikasiekode: 805 105 (V + D)**

Die doel van die Ph.D.-graad is om aan die student in die veld van Dieetkunde die geleentheid te bied om deur 'n doktrale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld. Die tweede doel van die kwalifikasie is om Suid-Afrika te voorsien van wetenskaplike navorsers wat oor breë teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede in die voedingwetenskap beskik. Sodoende sal bygedra word tot die verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennisgebaseerde voedingsorg in die land.

**G.33.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die algemene reëls van die Universiteit ten opsigte van toelating (Algemene reël A.4) en registrasie (Algemene reël A.5) asook die spesifieke reëls vir Doktorsgrade Algemene reël (A.14.1) geld die volgende reëls vir die Ph.D.-graad:

- a) studente sal slegs tot die Ph.D.-graad in hierdie program toegelaat word as hulle beskik oor 'n toepaslike M.Sc.-graad of 'n kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou; en
- b) moet 'n akademiese keuring slaag (60%) by voltooiing van die Magistergraad.

**G.33.5.2 KURRIKULUM : DIEETKUNDE****G.33.5.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Bo en behalwe die uitkomst soos beskryf deur die B.Sc. en M.Sc-grade sal die student bevoeg wees om: (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as dieetkundige te praktiseer, (2) as 'n leier op te tree in die professie en funksies van die professie, (3) probleme te kan oplos, (4) navorsingsprogramme te kan lei, (5) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die Ph.D.-vlak, (6) navorsingsfondse te kan bekom en (7) navorsingsresultate bekend te stel deur voordragte en publikasies in vakkundige tydskrifte

**G.33.5.2.2 KURRIKULUM G905P : DIEETKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
DIET971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir kurrikulum</b>		<b>360</b>

### **G.33.6 PROGRAM : FARMASIE**

#### **Kwalifikasiekode: 805 106 (V + D)**

- a) Die Ph.D.-graad is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n studie (navorsingsprojek) en 'n proefskrif in een van die volgende kurrikulums: Farmaseutika, Farmaseutiese Chemie, Farmakologie of Farmasiepraktyk.
- b) Die kurrikulums word op 'n voltydse en deelydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.
- c) Die doel van die hierdie kurrikulum is tweeledig, naamlik:
  - i) eerstens om die student wat reeds die vlak van 'n meestersgraad in die farmaseutiese wetenskappe en praktyk bereik het, om deur 'n doktorsale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld en sodoende 'n waardetoevoeging gemaak het tot die gemeenskap in die velde van kennis en vaardighede in sy/haar betrokke veld en
  - ii) tweedens om Suid-Afrika te voorsien van gevorderde farmaseutiese wetenskaplikes en praktiserende mannekrag met gevorderde teoretiese en praktiese kennis in verskillende farmaseutiese-wetenskaplike en praktyk dissiplines. Deur hierdie kwalifikasie dra die student by tot verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennis-gebaseerde ekonomiese en skolastiese aktiwiteite in die land.

#### **G.33.6.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Toelating tot die program/kurrikulum geskied op grond van keuring deur die direkteur van die navorsingseenheid en die skooldirekteur. Die skooldirekteur/direkteur van die navorsingseenheid kan 'n voornemende student toelating tot 'n program/kurrikulum wyer indien die standaard van bekwaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke program/kurrikulum-vereistes voldoen nie.

#### **G.33.6.2 KURRIKULUMS**

##### **G.33.6.2.1 Kurrikulumuitkomst**

- a) Bo en behalwe die uitkomst en kriteria soos beskryf deur die B.Pharm-, Hons. B.Sc.-, M.Sc.- en M.Pharm.-grade sal die student bevoeg wees om: (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as apteker te praktiseer, (2) homself/haarself as 'n leier in die veld te onderskei, (3) navorsings-metodologie toe te pas op dié vlak en in die betrokke veld.
- b) Verder sal die student in staat wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker uit te voer, (2) as 'n leier op te tree in die professie en funksies van die professie, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, (4) probleme te kan oplos, (5) as 'n onafhanklike navorser op te tree, (6) navorsings-programme te kan lei, (7) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die Ph.D.-vlak, (8) navorsingsfondse te kan bekom en (9) navorsingsresultate bekend te kan stel deur seminare en voordragte.

**G.33.6.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Hierdie kwalifikasie gee die student toegang tot na-doktorale studies aan verskeie universiteite.

**G.33.6.2.3 Ander reëls**

In die geval waar 'n student toegelaat word om 'n proefskrif in die vorm van gepubliseerde navorsingsartikels of ongepubliseerde manuskripte in artikelformaat aan te bied, geld die bepalings van Algemene reëls A.14.4.2 en A.13.7.3, A.13.7.4 en A.13.7.5 (met die nodige aanpassings).

**G.33.6.2.4 KURRIKULUM G910P : FARMASEUTIESE CHEMIE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FCHG971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.6.2.5 KURRIKULUM G911P : FARMASEUTIKA**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMSG971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.6.2.6 KURRIKULUM G912P : FARMAKOLOGIE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FKLG971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.6.2.7 KURRIKULUM G913P : FARMASIEPRAKTYK**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPKG971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

### **G.33.7 PROGRAM : FISIOLOGIE**

#### **Kwalifikasiekode: 805 107 (V + D)**

- a) Die doel van die kwalifikasie is om aan 'n student wat reeds oor 'n magistergraad in die veld van kardiovaskulêre Fisiologie beskik, of oor 'n kwalifikasie wat as gelykwaardig erken word, in staat te stel om by wyse van 'n doktrale proefskrif bewys te lewer dat hy/sy 'n definitiewe wetenskaplike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van nuwe kennis en/of toepasbare vaardighede.
- b) 'n Verdere doel van die kwalifikasie is om Suid-Afrika te voorsien van wetenskaplike navorsers wat oor breë teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede in die Gesondheidswetenskap beskik, met spesialisering en meesterskap in kardiovaskulêre Fisiologie.

#### **G.33.7.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Toelating tot hierdie program/kurrikulum geskied na voltooiing van die Magistergraad (Algemene reël A.14.1). Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes, geld die volgende addisionele toelatingsvereistes:

- a) minstens 60% in Fisiologie (of gelykwaardige kwalifikasie) op M-vlak;
- b) goedkeuring deur die skooldirekteur;
- c) keuring is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die kardiovaskulêre navorsingsgroep, en
- d) die student moet bewys lewer van immunisering, ten minste teen Hepatitis B.

#### **G.33.7.1.1 Kurrikulumuitkomste**

Bo en behalwe die uitkomste en kriteria soos beskryf by die eerste algemeenvormende B.Sc.-graad, die Honneurs B.Sc.-graad en die M.Sc.-graad, sal die student in hierdie kurrikulum:

- a) oor toegepaste bevoegdheid in toepasbare kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsmetodologie en wetenskaplike skryfkuns beskik;
- b) in staat wees om deur die integrering van bogenoemde vaardighede en op grond van deeglike ondersoek van bestaande kennis soos gereflekteer deur toepaslike wetenskaplike literatuur;
- c) 'n relevante navorsingsprobleem te identifiseer in 'n Gesondheidswetenskaplike dissipline;
- d) die verlangde navorsing ter oplossing van die probleem uit te voer;
- e) die resultate wetenskaplik te evalueer in die konteks van die probleemstelling;
- f) die resultate wetenskaplik te kommunikeer.

#### **G.33.7.1.2 Artikulasie en uittreepunt**

Die student sal toegerus wees om met verdere leer en navorsing selfstandig voort te gaan in verwante spesialisingsgebiede aan ander inrigtings of navorsingsinstitute, nasionaal en internasionaal.

**G.33.7.1.3 KURRIKULUM G915P : FISILOGIE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX971	Proefskrif	384
<b>Kredietotaal vir kurrikulum</b>		<b>384</b>

**G.33.8 PROGRAM : MAATSKAPLIKE WERK****Kwalifikasiekode: 805 108 (V + D)**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Dit bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, en behoort die gekwalifiseerde student in staat te stel om hom/haar as 'n leier en navorsers in die veld van Maatskaplike Werk te onderskei.

**G.33.8.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- Toelating tot hierdie program/kurrikulum geskied na voltooiing van die Magistergraad in Maatskaplike Werk en met inagneming van die student se vorige akademiese prestasie.
- Studente wat vir hierdie program/kurrikulum inskryf, moet bewys lewer van registrasie as maatskaplike werker ingevolge die Wet op Maatskaplike Werk, 1978 (Wet 110 van 1978).
- Die student selekteer 'n onderwerp in oorleg met die vakhoof en sy/haar promotor met die voorbehoud dat die onderwerp sal ressorteer binne die goedgekeurde fokuseenheid van beide die Vakgroep Maatskaplike Werk en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

**G.33.8.2 KURRIKULUM : MAATSKAPLIKE WERK****G.33.8.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Die student sal vaardig wees in:

- die benutting van die ekosistemenbenadering in die uitbreiding en bevordering van maatskaplikewerk-kennis;
- die identifisering van 'n navorsingsprobleem van 'n hoogs-gekompliseerde aard in die veld van maatskaplike werk waarvan die oplossing kan bydra tot die uitbreiding van die maatskaplikewerk se kennisbasis;
- die formulering en toepassing van 'n gepaste navorsingsontwerp en prosedure;
- die analisering en toepassing, interpretasie en kritiese evaluering van navorsingsverwante data;
- die aanbieding en verslagdoening oor die navorsingsdata in die vorm van 'n proefskrif van hoë gehalte; en
- die verspreiding van die nuut-verworwe kennis aan maatskaplike werkers en ander relevante rolspelers.

**G.33.8.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot programme op ná-doktorale vlak by oorsese universiteite.

**G.33.8.2.3 KURRIKULUM G920P : MAATSKAPLIKE WERK**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKD971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.9 PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE****Kwalifikasiekode: 805 109 (V + D)**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die kurrikulum bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Menslike Bewegingskunde.

**G.33.9.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Die student moet 'n akademiese keuring slaag (60%) by voltooiing van die Magistergraad.

**G.33.9.2 KURRIKULUM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE****G.33.9.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n sosiaal relevante navorsingsvraag binne die veld van Menslike Bewegingskunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te ontwikkel en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag, wat 'n betekenisvolle bydrae tot die studieterrein van Menslike Bewegingskunde, daar te stel.

**G.33.9.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Die kwalifikasie skep die geleentheid tot ná-doktorale navorsing in Menslike Bewegingskunde.

**G.33.9.2.3 KURRIKULUM G925P : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.10 PROGRAM : PSIGOLOGIE****Kwalifikasiekode: 805 110 (V + D)**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die kurrikulum bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Psigologie en berei ook die student voor vir ná-doktorale studie in Psigologie. In die ontwikkeling van hierdie kurrikulum is nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die spesifieke navorsingseenheid soos aangedui in G.1.1.

**G.33.10.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Die student moet 'n akademiese keuring slaag by voltooiing van die Magistergraad.

**G.33.10.2 KURRIKULUM : PSIGOLOGIE****G.33.10.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n sosiaal relevante navorsingsvraag binne die veld van Psigologie te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te ontwikkel en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag, wat 'n betekenisvolle bydrae tot die ensiklopedie van psigologiese kennis maak, van die projek te skryf.

**G.33.10.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Die kwalifikasie verleen toegang tot ná-doktorale studie in Psigologie.

**G.33.10.2.3 KURRIKULUM G930P : PSIGOLOGIE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSIG971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.11 PROGRAM : REKREASIEKUNDE****Kwalifikasiekode: 805 111 (V + D)**

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die kurrikulum bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Rekreasiekunde.

**G.33.11.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Die student moet 'n akademiese keuring slaag (60%) by voltooiing van die Magistergraad.

**G.33.11.2 KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE****G.33.11.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n sosiaal relevante navorsingsvraag binne die veld van Rekreasiekunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te ontwikkel en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag, wat 'n betekenisvolle bydrae tot die studierrein van Rekreasiekunde, daar te stel.

**G.33.11.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Die kwalifikasie skep die geleentheid tot ná-doktorale navorsing in Rekreasiekunde.

**G.33.11.2.3 KURRIKULUM G935P : REKREASIEKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
RKKX971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

## **G.33.12 PROGRAM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE**

**Kwalifikasiekode: 805 112 (V + D)**

- a) Die Ph.D.-graad behels die beplanning en uitvoering van 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n proefskrif.
- b) Een kurrikulum, naamlik Verbruikerswetenskappe Algemeen, lei tot hierdie kwalifikasie. Die student kan fokus op Gesinshulpbronbestuur, Kleding of Voedsel.

### **G.33.12.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Toelating tot hierdie graad geskied na voltooiing van die Magistergraad en met inagneming van die student se vorige akademiese prestasie. Studente sal slegs tot die program toegelaat word indien voldoende kapasiteit beskikbaar is.

### **G.33.12.2 KURRIKULUM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE : ALGEMEEN**

Hierdie Ph.D.-program lei tot die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en die vermoë om verworwe vaardighede toe te pas om probleme op die betrokke gebied op te los.

#### **G.33.12.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal in staat wees om:

- a) toepaslike navorsingsmetodologie te beheers;
- b) 'n relevante navorsingsprobleem te identifiseer, navorsing ter oplossing van die probleem uit te voer, die resultate in samehang met die probleemstelling te analiseer en gevolgtrekkings wat die probleem sal aanspreek, te maak en te kommunikeer;
- c) wetenskaplike kennis en navorsingsresultate in 'n saamhangende, argumentatiewe struktuur in geskrewe verslae en publikasies weer te gee; en
- d) mondelinge voordragte deur gebruik van relevante verbale vaardighede en toepaslike hulpmiddels te lewer.

#### **G.33.12.2.2 Artikulasie en uittreepunt**

Die suksesvolle voltooiing van die Ph.D. in Verbruikerswetenskappe verleen toegang tot programme op ná-doktorale vlak by ander universiteite, nasionaal sowel as internasionaal en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van die student se akademiese prestasie en die beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

#### **G.33.12.2.3 Ander reëls**

Die kurrikulum en die onderwerp word in oorleg met die skooldirekteur en/of die navorsingsdirekteur en die studieleier gekies, met die voorbehoud dat die onderwerp sal inskakel by die goedgekeurde navorsingseenheidprogramme van beide Verbruikerswetenskappe en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

**G.33.12.2.4 KURRIKULUM G940P : VERBRUIKERSWETENSKAPPE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VERB971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13 PROGRAM : VERPLEEGKUNDE****Kwalifikasiekode: 805 113 (V + D)**

Die student behoort in staat te wees om die professie van Verpleegkunde te beoefen as 'n vakkundige op 'n hoë, gespesialiseerde vlak en hom/haar as 'n leier en navorsing in die veld van Verpleegkunde te onderskei. Hy/sy behoort bevoeg te wees om navorsing te inisieer en om toekomstige tendense te verstaan en te voorspel. Verder behoort hy/sy bevoeg te wees om ander te lei in die gebruik van gevorderde navorsingsmetodologie in verpleegkundige studies en om kennis by die kennisbasis van verpleegkunde te voeg.

**G.33.13.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- Studente moet voor registrasie op die voorgeskrewe aansoekvorm by die betrokke skooldirekteur vir keuring aansoek doen.
- Die student moet ten einde toegelaat te word tot die Ph.D., 'n doktrale studieprogram suksesvol deurloop. Die besonderhede hiervan is beskikbaar by die skooldirekteur.
- Die student moet alvorens die navorsingsvoorlegging aan die Navorsingskomitee voorgelê word, die voorlegging tydens 'n doktrale seminaar verdedig.
- Die student moet ook bevindings by wyse van 'n doktrale seminaar voorlê.

**G.33.13.2 KURRIKULUMS**

EEN van die volgende kurrikulums kan gekies word: Gemeenskaps-verpleegkunde; Gesondheidsdiensbestuur; Gesondheidswetenskaponderwys; Professionele Verpleegkunde; Psigiatrisse Gemeenskapsverpleegkunde; Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde en Verpleegkunde.

**G.33.13.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om:

- kritiese-analitiese probleemoplossingsvaardighede op 'n hoë vlak te demonstreer;
- die professie Verpleegkunde op 'n gespesialiseerde vlak te praktiseer;
- hom/haar as 'n leier in die veld van Verpleegkunde te onderskei;
- gevorderde navorsingsmetodologie toe te pas, navorsing te inisieer, uitkomste te voorspel en resultate toe te pas;
- betekenisvol en wetenskaplik tot die kennisbasis van Verpleegkunde by te dra;
- onafhanklik as navorser op te tree;

- g) gespesialiseerde professionele uitmuntendheid te handhaaf deur voortgesette leer; en
- h) netwerke op nasionale en internasionale vlak te inisier en te handhaaf.

**G.33.13.2.2 Artikulasie en uitreepunt**

- a) Die program gee toegang tot na-doktorale studies by ander universiteite sowel as by die Noordwes-Universiteit.
- b) Uitkomst wat met ander kwalifikasies artikuleer: Die student sal in staat wees om uit te tree na 'n verwante gesondheids- of onderrigveld en voortgaan met die Ph.D.-studie in dáárdie veld.

**G.33.13.2.3 KURRIKULUM G950P : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPGP971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13.2.4 KURRIKULUM G951P : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPBP971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13.2.5 KURRIKULUM G952P : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPOP971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13.2.6 KURRIKULUM G953P : PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPPP971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13.2.7 KURRIKULUM G954P : PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPEP971	Proefskrif	360
<b>Kredietotaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13.2.8 KURRIKULUM G955P : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPVP971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.13.2.9 KURRIKULUM G956P : VERPLEEGKUNDE**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPVV971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir die kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.14 PROGRAM : VOEDING**

**Kwalifikasiekode: 805 114 (V + D)**

Die doel van Ph.D.-graad is om aan die student in die veld van Voeding die geleentheid te bied om deur 'n doktrale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld. Die tweede doel van die kwalifikasie is om Suid-Afrika te voorsien van wetenskaplike navorsers wat oor breë teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede in die voedingwetenskap beskik. Sodoende sal bygedra word tot die verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennisgebaseerde voedingsorg in die land.

**G.33.14.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die algemene reëls van die Universiteit ten opsigte van toelating (A.4) en registrasie (A.5) asook die spesifieke reëls vir Doktorsgrade (A.14.1) geld die volgende reëls vir die Ph.D.-graad:

- studente sal slegs tot die Ph.D.-graad in hierdie program toegelaat word as hulle beskik oor 'n toepaslike M.Sc.-graad of 'n kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou;
- moet 'n akademiese keuring slaag (60%) by voltooiing van die Magistergraad, en
- keuring is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student en beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

**G.33.14.2 KURRIKULUM : VOEDING**

**G.33.14.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Bo en behalwe die uitkomst soos beskryf deur die B.Sc., -Hons.B.Sc.- en M.Sc.-grade sal die student bevoeg wees om : (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as voedingkundige te praktiseer, (2) as 'n leier op te tree in die professie en funksies van die professie, (3) probleme te kan oplos, (4) navorsingsprogramme te kan lei, (5) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die Ph.D.-vlak, (6) navorsingsfondse te kan bekom en (7)

navorsingsresultate bekend te stel deur voordragte en publikasies in vakkundige tydskrifte

**G.33.14.2.2 KURRIKULUM G960P : VOEDING**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED971	Proefskrif	360
<b>Krediet totaal vir kurrikulum</b>		<b>360</b>

**G.33.15 EKSAMINERING**

Waar van toepassing geld die bepalings van Algemene reëls A.8 en A.14.7 ook vir hierdie kwalifikasie.

**G.33.15.1 Vereistes vir 'n proefskrif**

'n Proefskrif moet voldoen aan die vereistes soos neergelê in Algemene reël A.14.8.

**G.33.15.2 Indieningsprosedure**

Die prosedure vir die indiening van 'n proefskrif is beskryf in Algemene reël A.14.7.9

**G.33.15.3 Eksamen**

Eksamining van die proefskrif vind plaas kragtens die bepalings in Algemene reël A.14.7.

**G.33.15.4 Ander voorskrifte**

Raadpleeg Algemene reëls A.14.14, A.14.15, A.14.16 en A.14.17.

**G.33.16 TERMINERING VAN DIE STUDIE**

'n Student se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene reël A.9.